

Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 12

> *… van die Issaskarstam, die mense wat die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan …_ (1 Kron 12:32)*

Ons lees van tyd tot tyd in die Bybel van mense wat visioene

of drome gekry het om hulle te lei. Die mense van die Issaskarstam was nie deel van dié uitverkore groep nie. Dit was gewone mense wat insig gehad het; wat die breër prentjie kon raaksien en daaruit besluite kon neem en leiding kon gee. Hulle het nie ’n ekstatiese moment beleef of drome of visioene gehad nie. Hulle het nie bonatuurlike tekens beleef nie. Hulle het net gewone dinge in hulle wêreld sien gebeur en allerlei gerugte gehoor. Hulle het net fyn op die gebeure en die gerugte gelet, daaroor nagedink en toe opgetree.
So stroom die mense na Dawid, want hulle het in hom God se antwoord op Israel se nood gesien (vers 18). Uiteindelik was dié honderde mense wat hulle by Dawid gevoeg het, die geheim van sy sukses as veggeneraal en koning, want hulle het die kern van sy persoonlike leër gevorm. So het God voorsien deur mense wat ontvanklik was vir sy leiding. Vandag nog gebeur dit, mits ons naby God leef en ’n fyn aanvoeling ontwikkel (Fil 1:9).

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026